BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Saterdag 31 Mei 1980 | WINDHOEK | Saturday 31 May 1980 | No. 4167

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
*Waarnemende Sekretaris: Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 119 — 31 Mei 1980

ORDONNANSIE, 1980: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:-

No. 17 van 1980 Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

A. F. van R. MOUTON
*Acting Secretary: South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek.

No. 119 — 31 May 1980

ORDINANCE, 1980: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

No. 17 of 1980 Road Traffic Amendment Ordinance, 1980

**Ordonnansie No. 17 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

*(Goedgekeur 27 Mei 1980)*
*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 31 Mei 1980; art. 21 (1)(b) 1 Julie 1980 - sien art. 21(2))*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer 1967, betreffende woordomskrywings; om die registrasie van staatsmotorvoertuie verder te reël; om voorsiening te maak vir die uitreiking van leerling- en bestuurderslisensies ten opsigte van motorfietse wat deur elektriese krag aangedryf word; om die vereiste dat 'n bevoegdheidsertifikaat net uitgereik kan word indien 'n leerlinglisensie reeds minstens drie maande gehou is, te skrap; om te vereis dat 'n assistent van 'n instrukteur van leerlingbestuurders ook 'n instrukteursertifikaat moet hou; om voorsiening te maak dat die geskiktheidsertifikaat ten opsigte van 'n openbare motorvoertuig nie verval bloot omdat die registrasienommer verander het nie; om die bevoegdheid om padverkeerstekens te vertoon na die Direktoraat : Pos- en Telekommunikasiewese uit te brei; om die gevalle waar padverkeerstekens nie gehoorsaam hoef te word nie, verder te reël; om die vrystellings van die algemene snelheidsbeperkings uit te brei; om sekere aanpassings te maak met betrekking tot die padreëls; om die bepalings rakende onwettige optredes met betrekking tot registrasienommers, registrasiemerke en sekere dokumente te herbewoord; om die bepalings rakende die verpligte opskorting of intrekking van lisensies of permitte te herroep; om die bepalings rakende kennisgewings om die gebruik van onpadwaardige voertuie te staak, te herbewoord; om strawwe op te lê vir versuim om te voldoen aan die voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee kragtens artikel 170 gestel het; om diverse gelde te verhoog; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Administrateur-generaal dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en deur die Voorsitter van die Vergadering aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 19 van 1968, artikel 2 van Ordonnansie 25 van 1969, artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1970, artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1971, artikels 2 en 19 van Ordonnansie 16 van 1972, artikel 1 van Ordonnansie 11 van 1974, artikel 1 van Ordonnansie 19 van 1975, artikel 1 van Ordonnansie 13 van 1976 en artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1978.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig —

(a) deur na die woordomskrywing van "bruto voertuigmassa" die volgende woordomskrywing in te voeg:

**ROAD TRAFFIC AMENDMENT ORDINANCE, 1980** **Ordinance No. 17 of 1980**

*(Assented to 27 May 1980)*
*(English text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 31 May 1980; sec. 21(1)(b) 1 July 1980 - see sec. 21(2))*

# ORDINANCE

To amend the Road Traffic Ordinance, 1967, in regard to definitions; to further regulate the registration of state motor vehicles; to provide for the issue of learners' and drivers' licences in respect of motor cycles propelled by electric power; to delete the requirement that a certificate of competence may only be issued if a learner's licence has been held for at least three months; to require that an assistant of an instructor of learner-drivers shall also hold an instructor's certificate; to provide that a certificate of fitness in respect of a public motor vehicle shall not lapse merely because the registration number has changed; to extend authority to display road traffic signs to the Directorate : Posts and Telecommunications; to further regulate the instances in which road traffic signs need not be obeyed; to extend the exemptions from the general speed limits; to effect certain adjustments to the rules of the road; to rephrase the provisions regarding unlawful acts in relation to registration numbers, registration marks and certain documents; to repeal the provisions concerning the compulsory suspension or cancellation of licences or permits; to rephrase the provisions regarding notices to discontinue the use of unroadworthy vehicles; to impose penalties for failing to comply with the conditions imposed by the Executive Committee under section 170; to increase miscellaneous fees; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Administrator-General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by the Chairman of the Assembly, as follows:-

Amendment of section 1 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 1 of Ordinance 19 of 1968, section 2 of Ordinance 25 of 1969, section 2 of Ordinance 18 of 1970, section 2 of Ordinance 18 of 1971, sections 2 and 19 of Ordinance 16 of 1972, section 1 of Ordinance 11 of 1974, section 1 of Ordinance 19 of 1975, section 1 of Ordinance 13 of 1976, and section 1 of Ordinance 2 of 1978.

1. Section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended —

(a) by the substitution for the definition of "bus" of the following definition:

" 'burgerlike beskermingsbeampte' 'n persoon wat opgeroep is vir diens soos beoog in artikel 7(2) van die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1979 (Ordonnansie 3 van 1979);";

(b) deur die woordomskrywing van "bus" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

" 'bus' 'n motorvoertuig wat vir die vervoer van meer as nege persone (met inbegrip van die bestuurder) ontwerp of aangepas is;";

(c) deur na die woordomskrywing van "bus" die volgende woordomskrywing in te voeg:

" 'bus-trein' 'n geïntegreerde kombinasie van gekoppelde motorvoertuie ontwerp uitsluitlik vir die vervoer van meer as eenhonderd passasiers, met 'n deurlopende gang oor die lengte daarvan;";

(d) deur die woordomskrywing van "Konvensie" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

" 'Konvensie' met betrekking tot enige gebied, die Verenigde Volkere-konvensie op Padverkeer (Genève, 1949), die Internasionale Konvensie met betrekking tot Motorverkeer (Parys, 1926) of die Verenigde Volkere-konvensie op Padverkeer (Wenen, 1968) watter ook al op sodanige gebied en die Gebied Suidwes-Afrika van toepassing is en enige wysiging daarvan;"; en

(e) deur die woordomskrywing van "motorkar" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

" 'motorkar' 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets of motordriewiel, wat vir die vervoer van hoogstens nege persone (met inbegrip van die bestuurder) ontwerp of aangepas is;".

Wysiging van artikel 33 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 7 van Ordonnansie 18 van 1971 en artikel 19 van Ordonnansie 16 van 1972.

2. Artikel 33 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) kan enige staatsdepartement van die Republiek van Suid-Afrika, enige provinsiale administrasie van die genoemde Republiek, die Administrasie van die Gebied Suidwes-Afrika, die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, 'n wetgewende raad of owerheid ingestel of erken kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968) en die Regering van Rehoboth ingestel kragtens die Wet op Selfrege-

" 'bus' means a motor vehicle designed or adapted for the conveyance of more than nine persons (including the driver);";

(b) by the insertion after the definition of "bus" of the following definition:

" 'bus-train' means an integrated combination of coupled motor vehicles designed solely for the conveyance of more than one hundred persons, and having a continuous passageway over the length thereof;";

(c) by the insertion after the definition of "certificate of fitness" of the following definition:

" 'civil defence officer' means any person called up for service as contemplated in section 7(2) of the Civil Defence Ordinance, 1979 (Ordinance 3 of 1979);";

(d) by the substitution for the definition of "Convention" of the following definition:

" 'Convention', in relation to any territory, means the United Nations Convention on Road Traffic (Geneva, 1949), the International Convention relative to Motor Traffic (Paris, 1926) or the United Nations Convention on Road Traffic (Vienna, 1968), whichever is applicable to such territory and the Territory of South West Africa and any amendment thereof;"; and

(e) by the substitution for the definition of "motor car" of the following definition:

" 'motor-car' means a motor vehicle, other than a motor cycle or motor tricycle, designed or adapted for the conveyance of not more than nine persons (including the driver);".

Amendment of section 33 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 7 of Ordinance 18 of 1971 and section 19 of Ordinance 16 of 1972.

2. Section 33 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) any department of state of the Republic of South Africa, any provincial administration of the said Republic, the Administration of the Territory of South West Africa, the South African Railways and Harbours Administration, a legislative council or authority established or recognized under the Development of Self-government for Native Nations in South West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968) and the Government of Rehoboth in-

**Ordonnansie No. 17 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

ring vir Rehoboth, 1976 (Wet 56 van 1976) self enige motorvoertuig waarvan hy die eienaar is, registreer, en in so 'n geval ken hy aan elke voertuig wat aldus geregistreer word, die registrasiemerk toe wat die Uitvoerende Komitee goedgekeur het, tesame met 'n nommer;".

Wysiging van artikel 58 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 5 van Ordonnansie 19 van 1968, artikel 5 van Ordonnansie 18 van 1970, artikel 9 van Ordonnansie 18 van 1971, artikel 4 van Ordonnansie 16 van 1972 en artikel 3 van Ordonnansie 19 van 1975.

3. Artikel 58 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) 'n motorfiets sonder syspan wat 'n enjin met 'n silinderinhoud van hoogstens 50 $cm^3$ het of wat deur elektriese krag aangedryf word;".

Wysiging van artikel 61 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 19 van 1975 en artikel 1 van Ordonnansie 4 van 1979.

4. Artikel 61 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) sestien jaar, in die geval van enige sodanige lisensie ten opsigte van 'n motorfiets sonder syspan wat 'n enjin met 'n silinderinhoud van hoogstens 50 $cm^3$ het of wat deur elektriese krag aangedryf word;".

Wysiging van artikel 64 van Ordonnansie 30 van 1967, soos vervang deur artikel 7 van Ordonnansie 19 van 1975 en gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 4 van 1979.

5. Artikel 64 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) 'n leerlinglisensie hou van die klas ten opsigte waarvan sy aansoek gedoen word;".

Wysiging van artikel 73 van Ordonnansie 30 van 1967, soos vervang deur artikel 11 van Ordonnansie 19 van 1975 en gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 2 van 1978.

6. Artikel 73 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) (a) Niemand mag vir beloning iemand anders onderrig of oor hom toesig hou in of by die bestuur van 'n motorvoertuig op 'n openbare pad nie, tensy hy die houer is van 'n sertifikaat (in hierdie artikel 'n instrukteursertifikaat genoem) wat deur die Uitvoerende Komitee aan hom uitgereik is.

(b) Niemand mag enige ander persoon in diens neem, of van sy dienste gebruik maak, vir die doel om leerlingbestuurders te onderrig of toesig te hou by die bestuur van 'n motorvoertuig op 'n openbare pad nie tensy sodanige ander persoon ook die houer van 'n geldige instrukteursertifikaat is.".

Wysiging van artikel 86 van Ordonnansie 30 van 1967.

7. Artikel 86 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

" (3) Die voorafgaande bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n openbare motorvoertuig waarvan —

stituted under the Rehoboth Self-Government Act, 1976 (Act 56 of 1976), may itself effect the registration of any motor vehicle of which it is the owner, in which event it shall assign to each vehicle so registered such registration mark as may be approved by the Executive Committee, together with a number;".

Amendment of section 58 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 5 of Ordinance 19 of 1968, section 5 of Ordinance 18 of 1970, section 9 of Ordinance 18 of 1971, section 4 of Ordinance 16 of 1972 and section 3 of Ordinance 19 of 1975.

3. Section 58 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) a motor cycle without side-car which has an engine with a cylinder capacity not exceeding 50 $cm^3$ or which is propelled by electric power;".

Amendment of section 61 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 4 of Ordinance 19 of 1975 and section 1 of Ordinance 4 of 1979.

4. Section 61 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (a) of the following subparagraph:

"(i) sixteen years, in the case of any such licence in respect of a motor cycle without side-car which has an engine with a cylinder capacity not exceeding 50 $cm^3$ or which is propelled by electric power;".

Amendment of section 64 of Ordinance 30 of 1967, as substituted by section 7 of Ordinance 19 of 1975 and amended by section 3 of Ordinance 4 of 1979.

5. Section 64 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (4) of the following paragraph:

"(a) holds a learner's licence of the class in respect of which his application is made;".

Amendment of section 73 of Ordinance 30 of 1967, as substituted by section 11 of Ordinance 19 of 1975 and amended by section 6 of Ordinance 2 of 1978.

6. Section 73 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) (a) No person shall for reward instruct or supervise any other person in the driving of a motor vehicle on a public road unless he holds a certificate (in this section referred to as an instructor's certificate) issued to him by the Executive Committee.

(b) No person shall employ, or make use of the services of, any other person for the purpose of instructing learner-drivers or of keeping supervision over the driving of a motor vehicle on a public road unless such other person is also the holder of an instructor's certificate.".

Amendment of section 86 of Ordinance 30 of 1967.

7. Section 86 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

" (3) The preceding provisions of this section shall not apply in respect of a public motor vehicle of which —

**Ordonnansie No. 17 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

(a) net die enjin vervang word, maar die eienaar van sodanige motorvoertuig moet binne een-en-twintig dae vanaf sodanige vervanging die geskiktheidsertifikaat ten opsigte van sodanige motorvoertuig aan die registrasie-owerheid wat dit uitgereik het, voorlê en moet terselfdertyd daardie registrasie-owerheid van die nuwe enjinnommer voorsien, waarop die registrasie-owerheid sy register of rekords en die geskiktheidsertifikaat dienooreenkomstig wysig; of

(b) die registrasienommer uit hoofde van die bepalings van hierdie Ordonnansie verander moet word, maar die eienaar van sodanige motorvoertuig moet, wanneer hy aan sodanige bepalings voldoen, die geskiktheidsertifikaat ten opsigte van sodanige motorvoertuig aan die betrokke registrasie-owerheid voorlê, waarop die registrasie-owerheid die genoemde sertifikaat dienooreenkomstig wysig : Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie waar die registrasienommer verander moet word uit hoofde van 'n verandering van eiendomsreg van die betrokke voertuig.".

Wysiging van artikel 100 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 3 van 1974 en artikel 12 van Ordonnansie 19 van 1975.

8. Artikel 100 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) (a) Die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of 'n persoon in sy diens wat hy òf in die algemeen òf in die besonder daartoe magtig, kan, ten opsigte van enige spooroorweg op enige openbare pad en onder sy jurisdiksie, die padverkeerstekens wat sodanige Administrasie of persoon dienstig ag, op die voorgeskrewe wyse vertoon of laat vertoon.

(b) Die Direktoraat : Pos- en Telekommunikasiewese of 'n persoon in sy diens wat hy òf in die algemeen òf in die besonder daartoe magtig, kan, ten opsigte van die verrigting van enige werksaamhede waarvoor daardie Direktoraat verantwoordelik is, die padverkeerstekens wat daardie Direktoraat of persoon dienstig ag op die voorgeskrewe wyse vertoon of laat vertoon.".

Wysiging van artikel 101 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 18 van 1970 en artikel 15 van Ordonnansie 18 van 1971.

9. Artikel 101 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

" (3) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n brandbestrydingsvoertuig, 'n ambulans of 'n voertuig wat deur 'n polisiebeampte of 'n burgerlike beskermingsbeampte in die uitvoering van sy pligte bestuur word, wanneer dit op 'n openbare pad met behoorlike inagneming van die veiligheid van ander verkeer bestuur word : Met dien verstande dat 'n brandbestrydingsvoertuig, 'n ambulans of 'n voertuig deur 'n burgerlike beskermingsbeampte in

(a) only the engine is replaced, but the owner of such motor vehicle shall, within twenty-one days of such replacement, submit the certificate of fitness in respect of such motor vehicle to the registering authority by which it was issued, and shall at the same time furnish such registering authority with the new engine number, whereupon the registering authority shall amend its register or records and the certificate of fitness accordingly; or

(b) the registration number has by virtue of the provisions of this Ordinance to be changed, but the owner of such motor vehicle shall, when complying with such provisions, submit the certificate of fitness in respect of such motor vehicle to the registering authority concerned, whereupon the registering authority shall amend the said certificate accordingly : Provided that the provisions of this paragraph shall not apply where the registration number must be changed due to a change in ownership of the vehicle concerned.".

Amendment of section 100 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 1 of Ordinance 3 of 1974 and section 12 of Ordinance 19 of 1975.

8. Section 100 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) (a) The South African Railways and Harbours Administration or any person in its employ authorized thereto by it, either generally or specifically, may, in respect of any railway level crossing on a public road and under its jurisdiction, cause or permit to be displayed, in the manner prescribed, such road traffic signs as such Administration or person may deem expedient.

(b) The Directorate : Posts and Telecommunications or any person in its employ authorized thereto by it, either generally or specifically, may, in respect of the carrying out of any work for which that Directorate is responsible, cause or permit to be displayed, in the manner prescribed, such road traffic signs as that Directorate or person may deem expedient.".

Amendment of section 101 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 9 of Ordinance 18 of 1970 and section 15 of Ordinance 18 of 1971.

9. Section 101 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The provisions of subsection (1) shall not apply in respect of a fire-fighting vehicle, an ambulance or a vehicle driven by a police officer or a civil defence officer in the execution of his duties when it is driven on a public road with due regard to the safety of other traffic: Provided that a fire-fighting vehicle, an amublance or a vehicle driven by a civil defence officer in the ex-

die uitvoering van sy pligte bestuur, met 'n toestel wat 'n voorgeskrewe klank kan afgee of 'n klok toegerus moet wees en sodanige toestel of klok aanhoudend geloei of gelui moet word terwyl daardie voertuig of ambulans aldus met verontagsaming van 'n padverkeersteken bestuur word.".

Vervanging van artikel 103B van Ordonnansie 30 van 1967, soos ingevoeg by artikel 4 van Ordonnansie 10 van 1976.

10. Artikel 103B van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Vrystelling van algemene snelheidsgrense.

103B. Die bepalings van artikels 102 en 103 is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n brandbestrydingsvoertuig, 'n ambulans of 'n voertuig wat deur 'n polisiebeampte of 'n burgerlike beskermingsbeampte in die uitvoering van sy pligte bestuur word, wanneer dit op 'n openbare pad met behoorlike inagneming van die veiligheid van ander verkeer bestuur word : Met dien verstande dat 'n brandbestrydingsvoertuig, 'n ambulans of 'n voertuig deur 'n burgerlike beskermingsbeampte in die uitvoering van sy pligte bestuur met 'n toestel wat 'n voorgeskrewe klank kan afgee of 'n klok toegerus moet wees en sodanige toestel of klok aanhoudend geloei of gelui word terwyl daardie voertuig of ambulans aldus met verontagsaming van daardie bepalings bestuur word.".

Wysiging van artikel 113 van Ordonnansie 30 van 1967.

11. Artikel 113 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subparagraaf (ii) van paragraaf (b) van subartikel (2) te voeg:

"Met dien verstande dat waar sodanige draai gemaak gaan word in 'n ryvlak wat vir verkeer net in een rigting bedoel is, hy op die regterhelfte van daardie ryvlak kan oorgaan.".

Wysiging van artikel 114 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 14 van Ordonnansie 18 van 1970 en artikel 17 van Ordonnansie 18 van 1971.

12. Artikel 114 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (f) al die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"as die gesleepte voertuig passasiers vervoer, uitgesonderd waar sodanige gesleepte voertuig 'n leunwa of 'n gedeelte van 'n bus-trein is:".

Wysiging van artikel 120 van Ordonnansie 30 van 1967.

13. Artikel 120 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (a) van subartikel (6) al die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Persone, uitgesonderd 'n polisiebeampte handelende in die uitvoering van sy pligte, wat motorfietse op 'n openbare pad bestuur, moet agtermekaar bestuur behalwe wanneer een motorfiets 'n ander verbysteek, en twee of meer persone wat motorfietse bestuur mag nie 'n ander voertuig op dieselfde tydstip verbysteek nie:".

ecution of his duties shall be fitted with a device capable of emitting a prescribed sound or a bell and such device or bell shall be constantly sounded while such vehicle or ambulance is so driven in disregard of a road traffic sign.".

Substitution of section 103B of Ordinance 30 of 1967, as inserted by section 4 of Ordinance 10 of 1976.

10. The following section is hereby substituted for section 103B of the principal Ordinance:

"Exemption from general speed limits.

103B. The provisions of sections 102 and 103 shall not apply in respect of a fire-fighting vehicle, an ambulance or a vehicle driven by a police officer or a civil defence officer in the execution of his duties when it is driven on a public road, with due regard to the safety of other traffic : Provided that a fire-fighting vehicle, an ambulance or a vehicle driven by a civil defence officer in the execution of his duties shall be fitted with a device capable of emitting a prescribed sound or a bell and such device or bell shall be constantly sounded while such vehicle or ambulance is so driven in disregard of the provisions of such sections.".

Amendment of section 113 of Ordinance 30 of 1967.

11. Section 113 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following proviso to subparagraph (ii) of paragraph (b) of subsection (2):

"Provided that where such turn is to be made into a roadway intended for traffic in one direction only he may encroach on the right half of that roadway.".

Amendment of section 114 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 14 of Ordinance 18 of 1970 and section 17 of Ordinance 18 of 1971.

12. Section 114 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in paragraph (f) for all the words preceding the proviso of the following words:

"if the towed vehicle is conveying passengers, except where such towed vehicle is a semi-trailer or portion of a bus-train:".

Amendment of section 120 of Ordinance 30 of 1967.

13. Section 120 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in paragraph (a) of subsection (6) for all the words preceding the proviso of the following words:

"Persons, other than a police officer acting in the execution of his duties, driving motor cycles on a public road shall drive in single file except in the course of overtaking another cycle, and two or more persons driving motor cycles shall not overtake another vehicle at the same time:".

**Ordonnansie No. 17 van 1980** **WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

Wysiging van artikel 121 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 21 van Ordonnansie 18 van 1971.

14. Artikel 121 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) die gebruik, uitgesonderd die gebruik van 'n toestel of klok ingevolge artikel 101(3) of 103B, van enige toebehore of toestel wat buitensporige geraas maak; of".

Wysiging van artikel 133A van Ordonnansie 30 van 1967, soos ingevoeg deur artikel 18 van Ordonnansie 18 van 1970 en gewysig deur artikel 26 van Ordonnansie 18 van 1971.

15. Artikel 133A van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) 'n motorfiets met 'n enjin met 'n silinderinhoud van hoogstens 50 $cm^3$ of wat deur elektriese krag aangedryf word;".

Vervanging van artikel 143 van Ordonnansie 30 van 1967.

16. Artikel 143 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Onwettige optrede met betrekking tot registrasienommer, registrasiemerk of sekere dokumente.

143. (1) Iemand wat —

(a) 'n registrasienommer of 'n registrasiemerk of 'n soortgelyke nommer of merk wat deur 'n bevoegde gesag buite die Gebied Suidwes-Afrika uitgereik is, vervals of namaak of, met die opset om te bedrieg, vervang, verander, ontsier of skend of iets daarby voeg; of

(b) in besit gevind word van sodanige nommer of merk wat vervals of nagemaak of aldus vervang, verander, ontsier of geskend of waarby iets aldus gevoeg is,

is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat —

(a) 'n sertifikaat, lisensie of ander dokument wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie uitgereik is of erken word, vervals of namaak of, met die opset om te bedrieg, vervang, verander, ontsier of skend of iets daarby voeg; of

(b) in besit gevind word van sodanige sertifikaat, lisensie of ander dokument wat vervals of nagemaak of aldus vervang, verander, ontsier of geskend of waarby iets aldus gevoeg is,

is aan 'n misdryf skuldig.

Amendment of section 121 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 21 of Ordinance 18 of 1971.

14. Section 121 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subsection (l) of the following paragraph:

"(c) the use, except the use of a device or bell in terms of section 101(3) or 103B, of any fitting or device which produces excessive noise; or".

Amendment of section 133A of Ordinance 30 of 1967, as inserted by section 18 of Ordinance 18 of 1970 and amended by section 26 of Ordinance 18 of 1971.

15. Section 133A of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

"(c) a motor cycle with an engine with a cylinder capacity not exceeding 50 $cm^3$ or which is propelled by electric power;".

Substitution of section 143 of Ordinance 30 of 1967.

16. The following section is hereby substituted for section 143 of the principal Ordinance:

"Unlawful acts in relation to registration number, registration mark or certain documents.

143. (1) Any person who —

(a) falsifies or counterfeits or, with intent to deceive, substitutes, alters, defaces or mutilates or adds anything to a registration number or a registration mark or a similar number or mark issued by a competent authority outside the Territory of South West Africa; or

(b) is found in possession of such number or mark which has been falsified or counterfeited or so substituted, altered, defaced or mutilated or to which anything has been so added,

shall be guilty of an offence.

(2) Any person who —

(a) falsifies or counterfeits or, with intent to deceive, substitutes, alters, defaces or mutilates or adds anything to a certificate, licence or other document issued or recognized in terms of the provisions of this Ordinance; or

(b) is found in possession of such certificate, licence or other document which has been falsified or counterfeited or so substituted, altered, defaced or mutilated or to which anything has been so added,

shall be guilty of an offence.

**Ordonnansie No. 17 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

(3) Iemand wat —

(a) 'n sertifikaat, lisensie of ander dokument gebruik wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie uitgereik is of erken word, waarvan hy nie die houer is nie; of

(b) toelaat dat sodanige sertifikaat, lisensie of ander dokument waarvan hy die houer is deur iemand anders gebruik word,

is aan 'n misdryf skuldig.

(4) Waar daar by 'n vervolging vir 'n oortreding van subartikel (1)(b) of (2)(b) bewys word dat iemand in besit gevind is van 'n registrasienommer of 'n registrasiemerk of 'n soortgelyke nommer of merk of 'n sertifikaat of 'n lisensie of 'n ander dokument wat vervals of nagemaak of vervang, verander, ontsier of geskend of waarby iets gevoeg is, word dit, totdat die teendeel bewys word, vermoed dat so iemand geweet het dat —

(a) sodanige nommer, merk, sertifikaat, lisensie of ander dokument —

(i) vervals of nagemaak is; of

(ii) vervang, verander, ontsier of geskend is met die opset om te bedrieg; of

(b) wat ook al by sodanige nommer, merk, sertifikaat, lisensie of ander dokument gevoeg is, daarby gevoeg is met die opset om te bedrieg.

(5) Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), (2) of (3) skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.".

Wysiging van artikel 146 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 27 van Ordonnansie 18 van 1971.

17. Artikel 146 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur al die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Enige hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge hierdie Ordonnansie of aan 'n gemeenregtelike misdryf wat in elke geval betrekking het op die bestuur van 'n motorvoertuig of versuim om na 'n ongeluk stil te hou of om 'n ongeluk te rapporteer, kan, benewens die oplê van 'n straf, 'n bevel uitreik, indien die persoon wat skuldig bevind word —".

(3) Any person who —

(a) uses a certificate, licence or other document issued or recognized in terms of the provisions of this Ordinance of which he is not the holder; or

(b) permits such certificate, licence or other document of which he is the holder to be used by any other person,

shall be guilty of an offence.

(4) Where in a prosecution for a contravention of subsection (1)(b) or (2)(b) it is proved that a person was found in possession of a registration number or a registration mark or a similar number or mark or a certificate or a licence or other document which had been falsified or counterfeited or substituted, altered, defaced or mutilated or to which anything had been added, it shall, until the contrary is proved, be presumed that such person knew that —

(a) such number, mark, certificate, licence or other document was —

(i) falsified or counterfeited; or

(ii) substituted, altered, defaced or mutilated with intent to deceive; or

(b) whatever was added to such number, mark, certificate, licence or other document was added thereto with intent to deceive.

(5) Any person convicted of an offence in terms of subsection (1), (2) or (3) shall be liable to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment.".

17. Section 146 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for all the words preceding paragraph (a) of the following words: Amendment of section 146 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 27 of Ordinance 18 of 1971.

" Any court before which a person is convicted of an offence under this Ordinance or of an offence at common law relating, in either case, to the driving of a motor vehicle or a failure to stop after or report an accident, may, in addition to imposing a sentence, issue an order, if the person convicted is —".

**Ordonnansie No. 17 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

Herroeping van artikel 147 van Ordonnansie 30 van 1967, soos vervang deur artikel 28 van Ordonnansie 18 van 1971 en gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 13 van 1976.

18. Artikel 147 van die Hoofordonnansie word hierby herroep.

Wysiging van artikel 161 van Ordonnansie 30 van 1967.

19. Artikel 161 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) moet —

(i) in die geval van 'n motorvoertuig, die registrasie-owerheid vermeld na wie sodanige voertuig vir 'n volledige padwaardigheidsondersoek deur 'n ondersoeker van voertuie geneem moet word; of

(ii) in die geval van enige ander voertuig, die registrasie-owerheid of persoon vermeld na wie sodanige voertuig vir ondersoek geneem moet word.";

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

" (4) 'n Afskrif van die kennisgewing in subartikel (1) genoem, moet deur die betrokke polisiebeampte of ondersoeker van voertuie gestuur word aan die registrasie-owerheid of persoon in sodanige kennisgewing genoem, soos in subartikel (2)(b) beoog, en hy moet, waar dit van toepassing is, aan sodanige kennisgewing enige lisensiebewys en geskiktheidsertifikaat aanheg wat ingevolge die bepalings van subartikel (3) deur hom verwyder is en sodanige registrasie-owerheid laat 'n gepaste inskrywing in die toepaslike rekords van sodanige voertuig aanbring."; en

(c) deur subartikels (5) en (6) deur die volgende subartikels te vervang:

" (5) Waar 'n motorvoertuig waarvan die lisensiebewys ingevolge subartikel (3) verwyder is, ondersoek is ooreenkomstig 'n kennisgewing in subartikel (1) beoog en padwaardig bevind is, moet die betrokke registrasie-owerheid —

(i) daardie kennisgewing intrek; en

(ii) die lisensiebewys en, waar van toepassing, die geskiktheidsertifikaat aan die persoon wat daarop geregtig is, terugbesorg,

waarna die motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik kan word.

18. Section 147 of the principal Ordinance is hereby repealed.

Repeal of section 147 of Ordinance 30 of 1967, as substituted by section 28 of Ordinance 18 of 1971 and amended by section 3 of Ordinance 13 of 1976.

19. Section 161 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of section 161 of Ordinance 30 of 1967.

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph:

"(b) shall,

(i) in the case of a motor vehicle, name the registering authority to which such vehicle shall be produced for a complete examination as to roadworthiness by an examiner of vehicles; or

(ii) in the case of any other vehicle, name the registering authority or person to whom such vehicle shall be produced for examination.";

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

" (4) A copy of the notice referred to in sub-section (1) shall be forwarded to the registering authority or person named in such notice as contemplated in sub-section (2)(b), by the police officer or examiner of vehicles concerned and he shall, where applicable, attach to such notice any clearance certificate and certificate of fitness removed by him in terms of sub-section (3) and such registering authority shall cause a suitable entry to be made in the appropriate records of such vehicle."; and

(c) by the substitution for subsections (5) and (6) of the following subsections:

" (5) Where a motor vehicle of which the clearance certificate was removed in terms of subsection (3), has been examined in accordance with a notice contemplated in subsection (1) and found to be roadworthy, the registering authority concerned shall —

(i) cancel that notice; and

(ii) return the clearance certificate and, where applicable, the certificate of fitness to the person entitled thereto,

whereupon the motor vehicle may be used on a public road.

**Ordonnansie No. 17 van 1980** **WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

(6) Waar 'n voertuig, uitgesonderd 'n motorvoertuig, ondersoek is ooreenkomstig 'n kennisgewing in subartikel (1) beoog en padwaardig bevind is, moet die betrokke registrasie-owerheid of persoon daardie kennisgewing intrek en daarna kan die voertuig op 'n openbare pad gebruik word.

(7) Die eerste ondersoek van 'n motorvoertuig ooreenkomstig 'n kennisgewing in subartikel (1) beoog, word kosteloos gedoen, maar vir elke daaropvolgende ondersoek betaal die eienaar daarvan die toepaslike gelde in Deel II van Bylae 2 by hierdie Ordonnansie bepaal.

(8) Iemand wat —

(a) enige voertuig op 'n openbare pad in stryd met 'n kennisgewing in subartikel (1) beoog, gebruik; of

(b) 'n kennisgewing in stryd met die bepalings van subartikel (5) of (6) intrek,

is aan 'n misdryf skuldig.".

Vervanging van artikel 170 van Ordonnansie 30 van 1967, soos vervang deur artikel 8 van Ordonnansie 10 van 1976.

20. Artikel 170 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Omstandighede waarin voertuig en vrag wat nie aan die bepalings van hierdie Ordonnansie voldoen nie, vrygestel kan word.

170. (1) Die Uitvoerende Komitee kan onderworpe aan die bedinge en voorwaardes en die betaling van die gelde of heffings wat hy bepaal, skriftelik magtiging verleen, hetsy in die algemeen of in die besonder, vir die gebruik op 'n openbare pad van 'n voertuig wat nie aan die bepalings van hierdie Ordonnansie voldoen nie of die vervoer op 'n openbare pad van passasiers of enige vrag wat nie aan die bepalings van hierdie Ordonnansie voldoen nie.

(2) Iemand wat enige beding of voorwaarde in subartikel (1) beoog, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.".

Wysiging van Bylae 2 by Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 8 van Ordonnansie 25 van 1969, artikel 22 van Ordonnansie 18 van 1970, artikel 36 van Ordonnansie 18 van 1971, artikel 18 van Ordonnansie 16 van 1972 en artikel 13 van Ordonnansie 19 van 1975.

21. (1) Bylae 2 by die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur item 1 van Deel I deur die volgende item te vervang:

(6) Where a vehicle, other than a motor vehicle, has been examined in accordance with a notice contemplated in subsection (1) and found to be roadworthy, the registering authority or person concerned shall cancel that notice whereupon the vehicle may be used on a public road.

(7) The first examination of a motor vehicle in accordance with a notice contemplated in subsection (1) shall be done free of charge, but for every subsequent examination the owner thereof shall pay the appropriate fees provided for in Part II of Schedule 2 to this Ordinance.

(8) Any person who —

(a) uses any vehicle on a public road contrary to a notice contemplated in subsection (1); or

(b) cancels a notice contrary to the provisions of subsection (5) or (6),

shall be guilty of an offence.".

20. The following section is hereby substituted for section 170 of the principal Ordinance:

Substitution of section 170 of Ordinance 30 of 1967, as substituted by section 8 of Ordinance 10 of 1976.

"Circumstances in which vehicle and load not complying with the provisions of this Ordinance may be exempted.

170. (1) The Executive Committee may, subject to such terms and conditions and the payment of such fees or charges as it may determine, authorise in writing, either generally or specifically, the use on a public road of a vehicle which does not comply with the provisions of this Ordinance or the conveyance on a public road of passengers or any load which does not comply with the provisions of this Ordinance.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with any term or condition contemplated in subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year, or to both such fine and imprisonment.".

21. (1) Schedule 2 to the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of Schedule 2 to Ordinance 30 of 1967, as amended by section 8 of Ordinance 25 of 1969, section 22 of Ordinance 18 of 1970, section 36 of Ordinance 18 of 1971, section 18 of Ordinance 16 of 1972 and section 13 of Ordinannce 19 of 1975.

(a) by the substitution for item 1 of Part I of the following item:

**Ordonnansie No. 17 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

"1. Motorfiets met 'n enjin met 'n silinderinhoud van hoogstens 50 $cm^3$ of wat deur elektriese krag aangedryf word ............ R2,40";

en

(b) deur Deel II deur die volgende te vervang:

"DEEL II

DIVERSE GELDE

| | |
|---|---|
| 1. Tydelike vrystellingsertifikaat (artikel 12(1)): | |
| (a) Motorfietse en motordriewiele | R1,00 |
| (b) Ander motorvoertuie ...... | R3,00 |
| 2. Tydelike permit (artikel 14(1)) | R3,00 |
| 3. Spesiale permit (artikel 15(2)) | R1,00 |
| 4. Oordrag van motorvoertuiglisensies (artikel 27(3) en 28(2)): | |
| (a) aan motorfietse en motordriewiele ........... | R1,00 |
| (b) aan ander motorvoertuie ... | R3,00 |
| 5. Ondersoek vir leerlinglisensie (artikel 62(3)(a)) .................... | R1,00 |
| 6. Leerlinglisensie (artikel 63(2)): | |
| (a) vir motorfietse met enjin met silinderinhoud van hoogstens 50 $cm^3$ of wat deur elektriese krag aangedryf word .......... | R1,00 |
| (b) vir ander motorvoertuie .... | R3,00 |
| 7. Ondersoek vir bevoegdheidsertifikaat (artikel 64(1)): | |
| (a) vir motorfietse, motordriewiele en trekkers ......... | R3,00 |
| (b) vir ander motorvoertuie .... | R6,00 |
| 8. Bestuurderslisensies (artikel 65(1)(c)) ................ | R6,00 |
| 9. Ondersoek vir instrukteursertifikaat (artikel 73(4)) ...... | R6,00 |
| 10. Instrukteursertifikaat (artikel 73(5)) ................ | R18,00 |
| 11. Ondersoek vir geskiktheidsertifikaat (artikel 80(2)) ... | R6,00 |
| 12. Geskikheidsertifikaat (artikel 80(1)) .................. | R6,00 |

"1. Motor cycle with an engine with cylinder capacity not exceeding 50 $cm^3$ or which is propelled by electric power ....... R2,40";

and

(b) by the substitution for Part II of the following:

"PART II

MISCELLANEOUS FEES

1. Certificate of temporary exemption (section 12(1)):

| | |
|---|---|
| (a) Motor cycles and motor tricycles .............................. | R1,00 |
| (b) Other motor vehicles ...... | R3,00 |
| 2. Temporary permit (section 14(1)) .................. | R3,00 |
| 3. Special permit (section 15(2)) .................. | R1,00 |

4. Transfer of motor vehicle licences (sections 27(3) and 28(2)):

| | |
|---|---|
| (a) to motor cycles and motor tricycles ................ | R1,00 |
| (b) to other motor vehicles .... | R3,00 |
| 5. Examination for learner's licence (section 62(3)(a)) .... | R1,00 |

6. Learner's licence (section 63(2)):

| | |
|---|---|
| (a) for motor cycles with engine with cylinder capacity not exceeding 50 $cm^3$ or which is propelled by electric power ................ | R1,00 |
| (b) for other motor vehicles .... | R3,00 |

7. Examination for certificate of competence (section 64(1)):

| | |
|---|---|
| (a) for motor cycles, motor tricycles and tractors ...... | R3,00 |
| (b) for other motor vehicles .... | R6,00 |
| 8. Driver's licence (section 65(1)(c)) .................... | R6,00 |
| 9. Examination for instructor's certificate (section 73(4)) ... | R6,00 |
| 10. Instructor's certificate (section 73(5)) .......... | R18,00 |
| 11. Examination for certificate of fitness (section 80(2)) ...... | R6,00 |
| 12. Certificate of fitness section 80(1)) ............ | R6,00 |

**Ordonnansie No. 17 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1980**

13. Openbare bestuurpermit (artikel 89(2)(a)) ................ R6,00

14. Ondersoek vir padwaardigheidsertifikaat (artikel 160):

(a) vir motorfietse en motordriewiele ........... R3,00

(b) vir ander motorvoertuie .... R6,00

15. Padwaardigheidsertifikaat (artikel 160)............. R1,00

16. Verskaffing van inligting uit register of rekords (artikel 174) ...................... R1,00

17. Duplikaatdokument of -teken (artikel 177(1)) .......... R1,00".

(2) Subartikel (1)(b) tree in werking op 1 Julie 1980.

Kort titel.

22. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1980.

| | |
|---|---|
| 13. Public driving permit (section 89(2)(a)) ......... | R6,00 |
| 14. Examination for certificate of roadworthiness (section 160): | |
| (a) for motor cycles and motor tricycles ................ | R3,00 |
| (b) for other motor vehicles .... | R6,00 |
| 15. Certificate of roadworthiness (section 160) ............ | R1,00 |
| 16. Supply of information from register or record (section 174) ................... | R1,00 |
| 17. Duplicate document or token (section 177(1)) ......... | R1,00". |

(2) Subsection (1)(b) shall come into operation on 1 July 1980.

22. This Ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1980. Short title.